**SKEDULERINGSTATUS** **S0**

**EIENDOMSNAAM EN DOSEERVORM**

# Ultimag Tablette

**SAMESTELLING**

Filmbedekte tablette bevattende:

| | |
|---|---|
| Magnesiumchloried B. P. | 660 mg |
| Sinkoksied | 6 mg |

**FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE**

A 24 Aanvullende mineraalpreparate, elektroliete.

**INDIKASIES**

Vir die aanvulling van magnesium en sink waar onvoldoende inname voorkom.

**KONTRA-INDIKASIES**

Nierontoereikendheid, ontwatering en maag-letsels en -stoornisse.
Sensitiwiteit vir enige van die bestanddele.

**DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**

Neem 2 tot 4 tablette daagliks. Daar word aanbeveel dat die hoofdosering saans geneem word.

**NEWE-EFFEKTE EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**

Diarree, naarheid en dermongemak kan voorkom. Magnesiumchloried moet met voorsorg aan pasiënte wat digitalisglikosiede ontvang, toegedien word. Gelyktydige toediening met 'n sinksout kan die effek van penisillamien laat afneem. Tetrasikliene kan 'n chelaatkompleks vorm met sink.

**BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN**

Simptome van hipermagnesemie kan die volgende insluit: blosing van die vel, dors, hipotensie a.g.v. perifere vasodilatasie, lomerigheid, verwarring, verlies van tendonrefleks a.g.v. neuromuskulêre blok, spiertamheid, asemhalingsonderdrukking, hartaritmieë, koma en hartstilstand. Behandeling is simptomaties en ondersteunend.

**IDENTIFIKASIE**

Wit, kapsule-vormige tablette.

**AANBIEDING**

ULTIMAG TABLETTE word voorsien in bruin glasbottels bevattend 30, 60 en 100 tablette.

**BERGINGSAANWYSINGS**

Berg benede 25 °C op 'n koel droë plek.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

**REGISTRASIENOMMER**

X/24/79

**NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE APPLIKANT**

Mirren (Edms) Bpk
Goldenrylaan 18
Morehill
Benoni 1501
Suid-Afrika

**DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET**

9 November 1989

UGT-PI-PR-15/01
Pro-Print

**SCHEDULING STATUS** S0

**PROPRIETARY NAME AND DOSAGE FORM**

# Ultimag Tablets

**COMPOSITION**

Film coated tablets containing:

| | |
|---|---|
| Magnesium chloride B. P. | 660 mg |
| Zinc oxide | 6 mg |

**PHARMACOLOGICAL CLASSIFICATION**

A 24 Mineral substitutes and electrolytes.

**INDICATIONS**

For the supplementation of magnesium and zinc in cases of insufficient intake.

**CONTRA-INDICATIONS**

Renal impairment; dehydration and gastric lesions and disorders.

Sensitivity to any of the ingredients.

**DOSAGE AND DIRECTIONS FOR USE**

Take 2 to 4 tablets daily. It is recommended to take the major dose at night.

**SIDE EFFECTS AND SPECIAL PRECAUTIONS**

Diarrhoea, nausea and bowel discomfort may occur. Magnesium chloride should be given with caution to patients receiving digitalis glycosides. Concurrent administration with zinc salt might diminish the effect of penicillamine. Tetracyclines may form a chelate with zinc.

**KNOWN SYMPTOMS OF OVERDOSAGE AND PARTICULARS OF ITS TREATMENT**

Symptoms of hypermagnesaemia may include flushing of the skin, thirst, hypotension due to peripheral vasodilatation, drowsiness, confusion, loss of tendon reflexes due to neuromuscular blockade, muscle weakness, respiratory depression, cardiac arrhythmias, coma and cardiac arrest. Treatment is symptomatic and supportive.

**IDENTIFICATION**

White, capsule-form tablets.

**PRESENTATION**

ULTIMAG TABLETS are supplied in amber glass bottles containing 30, 60 and 100 tablets.

**STORAGE INSTRUCTIONS**

Store under 25 °C in a cool dry place.

KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN.

**REGISTRATION NUMBER**

X/24/79

**NAME AND BUSINESS ADDRESS OF THE APPLICANT**

Mirren (Pty) Ltd
18 Golden Drive
Morehill
Benoni 1501
South Africa

**DATE OF PUBLICATION OF THIS PACKAGE INSERT**

9 November 1989

UGT-PI-PR-15/01